higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2

(5055032)

9 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

326Q1S2009

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die twee kante van die brein staan bekend as die ...

A talamus.
B medulla oblongata.
C hemisfere.
D pons.

1.1.2 Leer as gevolg van gevolge staan bekend as ...

A operante kondisionering.
B negatiewe kondisionering.
C positiewe kondisionering.
D straf.

1.1.3 Die brein het ... streke.

A 3
B 2
C 4
D 6

1.1.4 Verwerwing is gebaseer op die ... tussen die gekondisioneerde en ongekondisioneerde stimulus.

A ekstinksie
B reaksie
C situasie
D tydsinterval

1.1.5 'n Persoon wat waardering betoon en altyd bereid is om andere te ondersteun, val in die ... kategorie van die Myers-Briggs-tipologie.

A veroordelende
B gevoels-
C sintuiglike
D intuïtiewe

1.1.6 Selfkonsep is ...

A hoe jy oor jouself voel.
B die manier waarop ander mense jou sien.
C hoe jy wil wees.
D die manier waarop jy van tyd tot tyd optree.

1.1.7 Die hoogste vlak in Bloom se oorspronklike taksonomie is ...

A kennis.
B evaluering.
C analise.
D begrip.

1.1.8 Volgens Holland se persoonlikheidstipes hou 'n ... persoon van mag en status en dit behels om andere te manipuleer en te domineer.

A kunssinnige
B sosiale
C ondernemende
D konvensionele

1.1.9 'n Persoon bereik ... wanneer hulle realisties, spontaan, kreatief en onafhanklik is.

A selfverwesenliking
B selfkonsep
C selfmotivering
D selfversekerdheid

1.1.10 Die tipe leer wat binne 'n spesifieke groep plaasvind, staan bekend as ... kondisionering.

A sentrale
B kulturele
C eksterne
D versterkings-

1.1.11 'n ... kultuur behels dat daar sosiale gelykheid in die samelewing bestaan en dat vroue dieselfde geleenthede as mans het.

A egalitêre
B individualistiese
C sosialistiese
D demokratiese

1.1.12 Die ... voorsien energie aan die sel.

A neurotransmitters
B limbiese stelsel
C akson
D mitochondria

1.1.13 Die tipe persoon wat kuns, emosie en avontuur waardeer en 'n ryk verbeelding het, val in die kategorie ...

A openheid
B aangenaamheid
C neurotisisme
D veroordeling

Kopiereg voorbehou

1.1.14 ... is die tipe leer waarvolgens 'n persoon iemand anders waarneem en daarna die gedrag herhaal.

A Integrasie
B Assimilasie
C Modellering
D Vorming

1.1.15 ... kan 'n aspek van die tuisomgewing wees.

A Standaarde en kultuur
B Armoede
C Beroep en stokperdjies
D Fisieke kenmerke

(15 × 1) (15)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 ... is die manier waarop ons na ons eie gedrag kyk en oplet na die manier waarop ons optree en reageer.

1.2.2 Die ... wat inligting vir minder as 30 sekondes behou.

1.2.3 Jy is ... om jou werk te doen en het ambisie sonder dat iemand jou in daardie rigting hoef te beweeg.

1.2.4 Ná 'n assessering gee jy die leerder ... sodat hy/sy sy/haar eie ontwikkeling kan verstaan.

1.2.5 ... motivering wat op 'n beloningstelsel gebaseer is.

1.2.6 ... leer vind plaas deur gebruikmaking van 'n rekenaar en die internet.

1.2.7 ... is 'n proses waarvolgens 'n leerder inligting moet skei en dit met soortgelyke of teenoorgestelde inligting moet vergelyk.

1.2.8 Wanneer veranderinge aan 'n oorspronklike plan aangebring word om die doelwitte te bereik.

1.2.9 Jy ... wanneer jy enige rede of verskoning vind om nie werk te voltooi of daarmee te begin nie.

1.2.10 Om te ... is om jou onverdeelde aandag aan iets te gee.

(10 × 1) (10)

1.3 Noem TWEE dinge wat ons deur middel van leer kan bekom. (2)

1.4 Noem die DRIE fases van geheue. (3)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Persoonlikheid is 'n kombinasie van 'n persoon se voorkeure en afkeure.

2.1.2 Indien 'n leerder 'n gebrek aan selfmotivering het, kan dit die leerproses bemoeilik.

2.1.3 'n Buigsame persoon raak maklik ontsteld wanneer nuwe ervarings bekendgestel word.

2.1.4 Stres oor 'n lang tydperk is nie goed vir 'n persoon nie.

2.1.5 Doelbewuste leer is wanneer jy geen bedoeling gehad het om iets te leer nie, maar jy leer dit uiteindelik tog.

2.1.6 Jou temperament het 'n uitwerking op jou gedrag en handelinge.

2.1.7 Ekstroverte vaar goed in aksiegerigte aktiwiteite.

2.1.8 Om algemene kennis en feite te onthou, staan bekend as semantiese geheue.

2.1.9 Mense wat melancholies is, kan paranoïes van aard wees.

2.1.10 Selfgerigte leer behels dat leerders verantwoordelikheid vir hul eie leer aanvaar.

2.1.11 Visueel-perseptuele probleme spruit uit fisieke probleme met die oë.

2.1.12 Neurotisisme vertoon die eienskappe van onaangename emosies, woede, angs, depressie en kwesbaarheid.

2.1.13 Persoonlikheidstrekke beïnvloed nie loopbaankeuses nie.

2.1.14 'n Sleutelkonsep van neurowetenskap sit uiteen hoe 'n persoon persoonlike vordering monitor en evalueer.

2.1.15 'n Individu se gustatoriese persepsie het te make met smaak.

(15 × 1) (15)

2.2 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

fisiologiese; waarneming; behaviorisme; straf; sosiale; afsondering; aanwakkering; reproduksie; klassieke; disposisie; bevestiging; emosionele; temperament; perfeksionisme; uitwissing

2.2.1 Die tipe onbewuste geheue wat jou vermoë verbeter om dinge te onthou wat jy onlangs gesien het

2.2.2 Hierdie groep pak baie take gelyktydig aan, maar vind dit moeilik om dit te voltooi.

2.2.3 Die tipe kondisionering wanneer jou natuurlike refleks op 'n stimulus reageer

2.2.4 Wanneer jy jouself positief beïnvloed

2.2.5 Wanneer jou gedrag ooreenstem met dié van die persoon wat jy waargeneem het.

2.2.6 Wanneer menslike gedrag aangeleer is

2.2.7 'n Persoon se geneigdheid om op 'n sekere manier op te tree

2.2.8 Mense wat alleen werk en studeer, verkies hierdie leerstyl

2.2.9 Die element wat 'n persoon se persoonlikheid beïnvloed

2.2.10 Die gevolg wat die kanse sal verlaag dat 'n gedrag weer plaasvind

2.2.11 'n Tipe intelligensie waarvolgens 'n mens jou emosies kan hanteer en selfbeheer het

2.2.12 'n Biologiese proses soos slaap wat die persoonlikheid kan beïnvloed

2.2.13 Wanneer 'n persoon die taak oordoen met die hoop dat dit beter as die vorige keer sal wees, en selde tevrede is met die standaarde wat bereik word

2.2.14 Wanneer 'n gedrag nie meer bestaan nie

2.2.15 'n Tipe leer wat plaasvind wanneer die gedrag van andere dopgehou word

(15 × 1) (15)
[30]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Die vermoë om jou liggaam vaardig te gebruik om probleme op te los	A	versterking
3.1.2	Maggie het 'n slang gesien maar nie daarop gereageer nie	B	sinchronies
3.1.3	Hierdie persoon hou daarvan om buitenshuis en met plante te werk	C	interpersoonlik
3.1.4	Gedrag wat aangemoedig word	D	negatiewe versterking
3.1.5	'n Persoon wat daarvan hou om met ander mense te werk en empatie met andere kan betoon	E	visueel-ruimtelik
3.1.6	Om te sing, liedjies te skryf en te dans is vir hulle natuurlik	F	linguisties
3.1.7	Skrywers van boeke en gedigte	G	neurale stimulus
3.1.8	Die opvoeder het besluit om 'n werkkaart in plaas van 'n assessering te gee	H	liggaamlik-kinesteties
3.1.9	Kreatiewe, kunssinnige mense wat ook kaarte goed kan lees	I	musikaal
3.1.10	Wanneer 'n videokonferensie plaasvind	J	naturalisties

(10 × 1) (10)

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Vier studente was in 'n ernstige ongeluk betrokke. Rudy het gesê hy het sterretjies gesien en daarna het alles om hom swart geword. Akhona ervaar min of geen pyn nie, maar loop sedert die ongeluk gedurig in dinge vas. David kan nie konsentreer nie. Die een oomblik is hy hartseer en die volgende oomblik het hy 'n woedeuitbarsting. Libbie is nie in die ongeluk beseer nie, maar sy sê toe die kar gerol het, was dit dieselfde gevoel wat sy gehad het toe sy die ritte by die karnaval meegemaak het.

3.2 Identifiseer die lobbe wat by die volgende mense beseer is:

3.2.1 Rudy

3.2.2 Akhona

3.2.3 David

(3 × 2) (6)

3.3 Ontleed die bostaande scenario en verduidelik waarom Libbie integrasie ervaar het. (2)

3.4 As jy die ervaring van die ongeluk assesseer, sal dit in die korttermyngeheue of langtermyngeheue vasgelê word? Staaf jou antwoord. (1 + 1 × 2) (3)

3.5 Lig VIER aspekte uit, behalwe besering, wat kan veroorsaak dat die brein nie optimaal funksioneer nie. (4)

3.6 Tydens sy hospitaalverblyf dien David sy werkopdragte per e-pos in.

Watter tipe leer vind plaas? (1)

3.7 Wat sê die wet van effek oor leer? (1)

3.8 Definieer sielkunde van leer in breë trekke, en noem die effek wat dit op gedrag het. (3)

[30]

VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Javar woon in 'n landelike gebied in uiterste armoede. Hy het 'n vakansiekamp bygewoon waar hulle geleer het om 'n groentetuin aan te lê en saad van die organiseerders ontvang het om 'n begin te maak. Twee jaar later is hy in 'n posisie om sy gesin te voed en sommige van die produkte aan ander plaaslike inwoners te verkoop. Dit gee Javar hoop vir die toekoms en gee sy selfvertroue 'n hupstoot.

4.1.1 Identifiseer die basiese behoefte wat Javar vervul. (1)

4.1.2 Verduidelik TWEE maniere waarop die toename in selfvertroue Javar se persoonlikheid sal raak. (2 × 2) (4)

4.1.3 Na aanleiding van die scenario, noem DRIE ander idees waarmee Javar vorendag kan kom om te voorsien in die basiese behoeftes van die gemeenskap waarvan hy deel uitmaak. (3)

4.2 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Volgens die Myers-Briggs-tipe aanwyser neem mense inligting op verskillende maniere in en assosieer verskillend met mense om hulle. Mev Jones het die volgende by James en Sarah waargeneem. James is 'n luidrugtige persoon wat daarvan hou om die middelpunt van aandag te wees. Hy wil met almal praat en vind dit moeilik om take af te handel. Hy floreer op komplimente. Sarah, aan die ander kant, wil daarop fokus om die taak te voltooi sonder te veel geraas om haar. Sy verkies klein groepe mense.

4.2.1 Identifiseer die tipe persoonlikheid wat James het. (1)

4.2.2 Watter tipe persoonlikheid het Sarah? (1)

4.2.3 Bespreek TWEE probleme wat mev Jones na verwagting sal teëkom wanneer James en Sarah in dieselfde groep beland. (2 × 2) (4)

4.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Bongo is 'n baie slim persoon maar hou nie van nuwe aktiwiteite nie. Sy hou nie van aktiwiteite waar daar selfs 'n geringe kans is om beseer te word nie. Andrew, aan die ander kant, blyk vreesloos te wees. Hy was al 'n paar keer in die hospitaal met gebreekte bene, maar dit keer hom nie om aan ekstreme sportsoorte deel te neem nie.

4.3.1 Noem DRIE aktiwiteite wat jy kan aanpas om Bongo in staat te stel om aktiwiteite met 'n element van gevaar of opwinding te doen. (3 × 2) (6)

4.3.2 Identifiseer DRIE ekstreme sportsoorte wat Andrew se begeerte na opwinding uit die aard van sy ekstroverte geaardheid sal bevredig. (3)

4.4 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Die belangrikheid van onderwys word beklemtoon deur op andragogie – die onderwys aan volwassenes – te fokus. Volwasse leerders kom met hul eie ervarings. Die gebrek aan onderwys lei tot laer lone en 'n tekort aan bevorderingsgeleenthede, wanneer hulle gelukkig genoeg is om werk te kry. Volwasse leerders is aktief betrokke by hul leerproses, wat as selfgerigte leer bekend staan. Terugvoering word as maniere om te verbeter eerder as kritiek beskou.

4.4.1 Stem jy saam dat volwasse leerders meer selfgerig en betrokke by hul leerproses is? Staaf jou antwoord. (1 + 1 × 2) (3)

4.4.2 In die lig van die bostaande inligting, bespreek TWEE moontlike uitdagings wat jy met volwasse leerders kan teëkom. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Ashmal het tydens pouse met sy selfoon gespeel en 'n klomp nuwe eienskappe ontdek waarvan hy nie eens bewus was nie. Jameson het hom gevra om sommige van die eienskappe vir hom te demonstreer, omdat hy ook daardie eienskappe op sy foon wou gebruik.

5.1.1 Verduidelik die tipe leer wat Ashmal in hierdie situasie ervaar. (2)

5.1.2 Watter tipe leer het Jameson ervaar? (2)

5.1.3 Die situasie in VRAAG 5.1.1 en VRAAG 5.1.2 kan as informele leer geïdentifiseer word.

Wat maak die bostaande situasies anders as formele leer? (2)

5.1.4 Identifiseer DRIE redes waarom ons met sekerheid kan sê dat dit nie 'n formele leeromgewing is nie. (3)

5.2 Tegnologie ontwikkel vinnig en kolleges hou nie altyd by nie.

Maak TWEE voorstelle hoe kolleges na die jongste tegnologie kan opgradeer om e-leer te bevorder. (2 × 2) (4)

5.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae:

> Khaya se ma is 'n enkelouer wat twee poste beklee. Khaya is gevolglik gewoonlik alleen tuis en kan doen wat sy wil. Sy kyk gewelddadige rolprente, rolprente met ouderdomsbeperking en dokumentêre rolprente wat nie vir kinders van haar ouderdom bedoel is nie. Sy het stilletjies begin om haar ma se grimering te dra om te lyk soos die ouer meisies wat sy op televisie sien.

Khaya modelleer die gedrag wat sy op televisie sien.

5.3.1 Noem DRIE negatiewe tipes gedrag wat Khaya kan vertoon waaroor ons bekommerd moet wees. (3 × 2) (6)

5.3.2 Beskryf TWEE positiewe maniere van straf waaraan Khaya onderwerp kan word. (2 × 2) (4)

5.4 Khaya modelleer nie net die negatiewe gedrag waaraan sy op televisie blootgestel word nie; sy internaliseer dit, en die resultaat is 'n verdraaide selfbegrip.

Hoe beïnvloed dit die volgende selfbegrippe?

5.4.1 Waardes en oortuigings

5.4.2 Verhouding met andere

5.4.3 Kulturele konteks waarin sy grootgeword het

(3 × 2) (6)

5.5 Identifiseer die proses waarvolgens ons uitdruk wat ons wil wees. (1)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou